Gimmie Griffie

13 September 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 27***

GEAGTE OUERS

Dit was weereens 'n voorreg om die SAOU se nasionale hoofdesimposium by te woon en na kundiges te luister. Onderwys in Suid-Afrika is onder geweldige druk en veral Afrikaanse skole is onder groter druk. Op vele terreine is daar aanslae en die beste wat ons kan doen, is om mekaar te ondersteun en ons hande sterk te maak. Kom ons hanteer ons eie uitdagings met geloof en spanwerk tussen ons personeel, ouers en leerders.

Ons Gimmie-gholfdag was 'n baie groot sukses. Baie dankie aan die komitee en personeel wat alles so puik gereël het. Dankie ook aan al die borge en Potch-buiteklub. Ons waardeer die ondersteuning.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 17 September
Dogterskrieket: Matlosana Hub (tuis)

Donderdag 20 September
Dogterskrieket: Schweizer Reneke (weg)
Musieksentrum: Prestigekonsert

KRIEKET

Die 1ste span wen met 10 paaltjies teen Wesvalia. Wesvalia word vir 36 lopies uitgeboul. Dawie Röntgen neem 5 paaltjies.

Die o/15A-span wen met 209 lopies teen Wesvalia. Gimmies teken 316/6 in 50 beurte aan. Reinhardt Röntgen teken 116 lopies aan, Martin Bullock 66 lopies en Xander van Gass 45 lopies. Wesvalia word vir 107 lopies uitgeboul.

Die o/15B-span wen met 1 paaltjie teen Volkies. Phillip Jonker teken 116 lopies aan en Kea Nduweni 71 lopies.

RUGBY SEWES

Die junior-sewesspan (o/15) was die toernooiwenners na afloop van die Gimmie-toernooi. Dié span het die toernooi onoorwonne afgesluit en hul uitslae was soos volg:

Wen 26-24 teen Midstream.
Wen 24-0 teen Wagpos.
Wen 42-12 teen Volkies.
Wen Midstream in die finaal met 26-0.

Die seniorspan (o/17) het in die semi-finaal teen KHS verloor.

MUURBAL

Uitslae van Woensdag 12 September:

Gemengde liga A-span wen 12–10 teen *Boys High* A.
Gemengde liga B-span verloor 4–12 teen *Girls High* B.
Meisies liga verloor 3–7 teen *Girls High* 1.

Die Potch-skoleliga het ook op Woensdag ten einde geloop en die Gemengde liga A-span verower 'n tweede plek naas Ferdies.

LANDLOOP

Agt van ons landlopers het in Port Elizabeth in erge koue, reën en wind aan die SA's deelgeneem. Baie dankie aan Danielle Verster, Sunel Smit, Janina Ackerman, Ashton Diedericks, Gerrit de Kock, Marco Taljaard, Leonore Lubbe en Abri Kruger wat Gimmies en Noordwes se naam hoog gehou het.

Baie geluk aan Danielle wat 'n 3de- en Sunel wat 'n 39ste plek uit 99 atlete behaal het.

TENNIS

Die NW-junior tennisproewe se inligting is by mee. Hanlie Smuts en Nadia Malan beskikbaar. Indien u die inligting per e-pos wil ontvang, kan u me. Smuts kontak.

Ons versoek alle tennisspelers om asseblief aan die proewe deel te neem. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 30 September en word aanlyn gedoen. Ouderdomsgroepe is o/14, o/16 en o/19. Ander ouderdomsgroepe geskied op uitnodiging.

WOW-SPELFEES

Michelle le Roux en Michelle Hammann kwalifiseer om op 20 Oktober aan die finale rondte van dié spelfees in Stellenbosch deel te neem. Baie geluk!